# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 28 19 Julie 2026

## Predikant


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 19 JULIE – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeelte:** Romeine 8:18-30
**Teksverse:** Romeine 8:26, 27
**Tema:** Pinkstertyd: Die Gees van God sug saam met ons en bid vir ons! Ons leef tussen Pinkster en die wederkoms. Die Heilige Gees is uitgestort om die kerk deur hierdie wagtyd te dra totdat Christus weer kom. Romeine 8 herinner ons daaraan dat ons nog in 'n gebroke wêreld leef waar sonde, lyding en dood sigbaar is. Tog is ons nie sonder hoop nie, want God is besig om sy verlossingsplan te voltooi. Die Heilige Gees rig ons oë op die heerlikheid wat kom, gee ons die vaste sekerheid van God se beloftes en staan ons by wanneer ons swak is. Selfs wanneer ons nie meer weet hoe of wat om te bid nie, tree Hy met onuitspreeklike versugtinge vir ons in. Daarom kan ons met volharding en hoop leef, in die vaste wete dat niks ons van die liefde van God in Christus kan skei nie. In die Woordverkondiging let ons op:

1. Die skepping sug na BEVRYDING.
2. Die gelowiges sug in HOOP.
3. Die Heilige Gees sug en PLEIT vir ons.

## SONDAG 19 JULIE 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die instituut vir Christelike Onderwys.

Die tweede kollekte 26 Julie is na die oggenddiens vir die GKSA Sustentasie en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Geen Kleuterkerk tydens die skoolvakansie nie
- Geen Kinderbediening tydens die skoolvakansie nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 28 – Oudl. André van der Zee
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Geen Tee/Koffie tydens die skoolvakansie nie
- Geen Katkisasie tydens die skoolvakansie nie

**Geen Bybelskool**

## DIENSBEURTE SONDAG 26 JULIE 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 30 – Oudl. Lydia Jansen van Rensburg
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Tee/Koffie tydens die oggenddiens olv sr Lasca Joubert
- Katkisasie les 16

## PROGRAM VIR DIE WEEK 19 TOT 26 JULIE 2026

**Dinsdag 21 Julie**

Skole open

**Donderdag 23 Julie**

10:00 Bybelstudie: Koningskinders se ouers
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Nelia Booyens; Groep B olv sr Hettie Grové

**Vrydag 24 Julie**

09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Nelia Booyens; Groep B olv sr Hettie Grové

**Saterdag 25 Julie**

Reddersburg warm ete
Koningskinders maandbyeenkoms

**Sondag 26 Julie**

Blokleiers
Reddersburg Kersfees in Julie projek
Jeugaksie: Braai

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**19 Julie**

- Sr Hannetjie Eschrich (084 051 5056) Wyk 39
- Sr Helena van Tonder (071 346 3046) Wyk 30

**20 Julie**

- Br Lappies Labuschagne (082 684 8982) Wyk 37

**22 Julie**

- Sr Hannetjie Reinecke (082 336 9692) Wyk 28

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**19 Julie**

- Sr Angie Venter (072 219 9985) Wyk 33

**20 Julie**

- Jsr Imke Jacobs (072 492 0165) Wyk 6

**21 Julie**

- Sr Magda Kruger (082 430 9603) Wyk 19

**22 Julie**

- Br Dirk Kruger (083 650 0176) Wyk 19

**25 Julie**

- Sr Mieke du Plessis (060 660 6350) Wyk 3
- Sr Marie du Toit (082 398 5668) Wyk 30

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik**

**20 Julie**

- Br Mike en sr Hannetjie Henning (082 593 8923) Wyk 28 met hul 63ste herdenking

**23 Julie**

- Br Tjaart en sr Elize van der Walt (076 453 4573) Wyk 11 met hul 60ste herdenking

**Lief en leed:**

- Ons doen voorbidding vir almal wat griep het of deur seisoenale siektes in die wintertyd platgetrek is. Mag julle almal met die nodige rus, medikasie en gebed weer vinnig op die been wees.
- Br Jan Vorster (063 636 3396) Wyk 39 is uit die hospitaal ontslaan en sterk tans tuis verder aan. Ons is saam met hom dankbaar dat die HERE hom getrou bewaar het en bid dat sy kragte mag versterk.
- Ons dink aan Br Len Dubery (083 301 6547) Wyk 23 met die afsterwe van sy broer. Die troosdiens was Vrydag.
- Ons doen voorbidding vir al ons skoliere, studente en onderwysers en ouers vir die derde kwartaal wat weer afskop. Sterkte met die uitdagings van die nuwe kwartaal. Mag julle die vrug van jul arbeid pluk.

**Kennisgewing**

- Ons vra dat lidmate wat Bybelskool bywoon, sal gebruik maak van die hek in Premierstraat en nie King Georgestraat nie (behalwe met vergaderings). Daar sal geen hekwag by King Georgestraat se hek wees nie.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 12 Julie 2026**

R 1627.00 Oggend: Barmhartigheid


R 1042.00 Oggend: Deure/ Voedingsprojek

**SnapScan: 12 Julie 2026**

R 512.01 Oggend: Barmhartigheid

R 294.63 Oggend: Deure/ Voedingsprojek

## *Gedagte vir die week*



Prys die Here!
Ek wil die Here prys.
Ek wil die Here prys so lank ek lewe,
ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is.
Psalm 146:1 en 2

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**

**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

**<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 Julie)**

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

***Reddersburg Kersfees in Julie***





















## *Hoe gee ek my kerklike bydraes?*

- Direkte betaling - Direk in die bankrekening van die kerk via internet (EFT) of 'n aftrekorder:
  Bank: FNB tjekrekening; takkode: 250655; rekeningnommer: 62876026511
- Koevert – plaas die koevertjie in die kollektesakkie of in die kassie wat daarvoor by die deure aangebring is. Koeverte is agter in die kerk en in die konsistorie beskikbaar.
  Gebruik asseblief u lidmaatnommer saam met u naam en van wanneer u betalings maak. Spesifiseer spesiale bydraes en kollektes waar toepaslik.
- Debietorder – Debietorders word maandeliks deur die kerkkantoor van u bankrekening verhaal. Aftrekorder-vorms is in die konsistorie of by die kerkkantoor beskikbaar.
- SnapScan en PayPal – bydraes en kollektes kan ook afgedra word deur die toepaslike QR-kode te gebruik.